



HOËRSKOOL RUSTENBURG

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

1. INLEIDING

- 1.1 Die gedragkode lê die reëls vir die leerder se gedrag neer en omskryf die skool se dissiplinêre stelsel.
- 1.2 Die fokus van die gedragkode is nie om vergeldende straf toe te dien nie, maar eerder om positiewe dissipline toe te pas wat gedrag ten goede verander.

2. WETSRAAMWERKE

- 2.1 Hierdie beleid is onderhewig aan, onder andere, die volgende wette en beleide van die Staat:
 - 2.1.1 Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (Skolewet);
 - 2.1.2 Die *Riglyne vir Oorweging deur Beheerliggame ten opsigte van die Aanvaarding van 'n Gedragkode*, uitgevaardig onder die Skolewet.
 - 2.1.3 Artikel 7 van die Noordwes Onderwyswet 3 van 1998 (Noordwes-Wet); en
 - 2.1.4 Die *Regulasies met betrekking tot Dissiplinêre Prosesse wat handel met Leerder Wangedrag* (die regulasies), uitgevaardig onder die Noordwes-Wet.

3. TOEPASSING

- 3.1 Dit gedragkode vind toepassing op die gedrag van 'n leerder, hetsy direk of indirek:
 - 3.1.1 by die skool;
 - 3.1.2 waarookal die leerder die skool formeel verteenwoordig;
 - 3.1.3 op alle sosiale media netwerke of platforms, te alle tye;
 - 3.1.4 tussen leerders, ten alle tye en plekke;
 - 3.1.5 tussen leerders en opvoeders, ten alle tye en plekke; en
 - 3.1.6 waarookal daar 'n koppeling tussen die leerder en die skool gemaak kan word, ten alle tye en plekke.

4. POSITIEWE LEERDER VERPLIGTINGE

- 4.1 Die volgende positiewe leerder verpligtinge moet nagestreef word:
 - 4.1.1 Tree altyd met hoflikheid en respek teenoor alle mense op;
 - 4.1.2 Wees 'n goeie ambassadeur vir die skool;
 - 4.1.3 Trek netjies aan en hou dit so waarookal jy gaan - bly by die skool se voorskrifte vir kleredrag;
 - 4.1.4 Versorg jousef;
 - 4.1.5 Wees geduldig met ander leerders;
 - 4.1.6 Praat altyd mooi met mekaar en van mekaar;
 - 4.1.7 Pas jou liggaam op deur gesonde lewenskeuses te maak;
 - 4.1.8 Bewaar die eiendom van die skool en ander; en
 - 4.1.9 Doen jou voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding.

5. DIE REËLS VAN DIE SKOOL

- 5.1 Die reëls van die skool is in **bylae A** hierin vervat.

6. DIE ERNS VAN 'N OORTREDING

- 6.1 Indien 'n leerder 'n reël van die skool verbreek is dit 'n oortreding.
- 6.2 Alle oortredings is nie ewe ernstig nie en word derhalwe in drie kategorieë geklasifiseer:
 - 6.2.1 Minder ernstige oortredings (Klas A);
 - 6.2.2 Meer ernstige oortredings (Klas B); en
 - 6.2.3 Ernstige oortredings. (Klas C).
- 6.3 Voorbeelde van oortredings in hulle onderskeie klasse word hierin uiteengesit, in **bylae B**.
- 6.4 Hoe ernstiger 'n oortreding, hoe groter die straf.
- 6.5 Hoe meer keer dieselfde oortreding herhaal word, hoe groter die straf.

7. STRAFMAATREËLS

- 7.1 Toepaslike strafmaatreëls word aangewend met inagneming van die belange van die individuele leerder, die aard en erns van die oortreding, die belange van die gemeenskap in die algemeen en die skoolgemeenskap in die besonder. Bogenoemde is 'n holistiese korrektiewe ingryping wat dan ook al die buitemuurse aktiwiteite by die skool insluit. Dit geskied teen die agtergrond van die handhawing van 'n klimaat en kultuur van onderrig en leer by die skool, die regverdige en gebalanseerde behandeling van leerders, die beskerming van die fisiese, geestelike

en morele welstand van die leerders en opvoeders by die skool en die beskerming en die bevordering van die basiese grondwetlike regte van alle belanghebbers by die skool.

7.2 Die volgende tipes straf, of kombinasies daarvan, kan opgelê word in geval dit bevind word dat 'n leerder aan 'n oortreding skuldig is:

7.2.1 **Strafpunte**, wat aangeteken word op die leerder se rekord - sien paragraaf 8 hieronder vir 'n volledige uiteensetting van strafpunte;

7.2.2 'n **Mondelinge waarskuwing**, wat aangeteken sal word op die leerder se rekord;

7.2.3 'n **Skriftelike waarskuwing**, waarvan 'n afskrif op die leerder se lêer geplaas moet word;

7.2.4 **Bykomende huiswerk**;

7.2.5 Die **beperking van die leerder se beweegruimte** tydens pouse;

7.2.6 **Gemeenskapsdiens**, tydens pouse of na skool - waar die leerder twintig of meer strafpunte het. Gemeenskapsdiens-take kan insluit die skoonmaak van die terrein, die optel van rommel, asook hulp aan personeel – byvoorbeeld die stoor regpak, afskuur van skoolbankies en dergelike take, met die verstandhouding dat 'n leerder een positiewe punt verdien vir elke uur wat die leerder voldoen het aan die vereistes;

7.2.7 **Detensie**, waar 'n leerder dertig of meer strafpunte het. Die leerder moet op 'n Vrydagmiddag van 14:00 tot 18:00 detensie bywoon. Detensie sal een keer per maand geskied. Leerders sal ten minste twee skooldae voor die tyd in kennis gestel word. Ouers sal per SMS in kennis gestel word. Slegs skriftelike verskoning voor Woensdag, sal in uitsonderlike gevalle oorweeg word. Indien die leerder sonder verskoning nie opdaag vir detensie nie, kan die leerder verwys word na 'n beheerliggaam-tugkomitee en kry die leerder 'n addisionele vyf strafpunte. Indien die leerder wel die detensie bywoon verdien die leerder tien positiewe punte;

7.2.8 **Ontneming van voorregte**, waar 'n leerder dertig of meer strafpunte het. Die leerder word die voorreg om aan sekere skoolaktiwiteite deel te neem ontnem – byvoorbeeld bywoning van die matriekafskeid of deelname aan verteenwoordigende spanne van die skool;

7.2.9 **Afdanking of skorsing** as lid van die Rustieraad of die Verteenwoordigende Leerlingraad of vanuit 'n ander leiersposisie, asook 'n aanbeveling dat die leerder nie 'n geskikte en gepaste persoon is om oorweeg te word vir verkiesing as lid van die Rustieraad, die Verteenwoordigende Leerlingraad of in enige ander leiersposisie nie;

7.2.10 **Bywoning van berading of 'n program van behandeling**;

7.2.11 **Openbare verskoning**;

7.2.12 **Skorsing** uit die skool vir 'n tydperk van nie langer as sewe skooldae – artikel 9(1C)(a) van die Skolewet;

7.2.13 **Aanbeveling van uitsetting** uit die skool aan die Departement van Onderwys in die Provinsiale Administrasie van die Noordwes Provinsie, met 'n skorsing hangend die bevinding van die Hoof van die Department – so skorsing moet in oorleg met die Hoof van die Department geskied (regulasie 7(18) van die

regulasies) en mag nie vir langer as veertien dae wees nie (artikel 9(1E) van die Skolewet). In so geval moet die beheerliggaam-tugkomitee die leerder of die leerder se ouers of die leerder se verteenwoordiger skriftelik inlig van die skorsing, die redes daarvoor, dat die saak na die Hoof van die Department verwys is met 'n aanbeveling van uitsetting, dat die skorsing onmiddelik in werking tree en opgehef sal word wanneer die Hoof van die Department 'n besluit gemaak het en dat, as die leerder in die koshuis is, die leerder onmiddelik deur die leerder se ouers of voog verwyder moet word (regulasie 8(2) van die regulasies).

7.2.14 **Opskorting** van enige van die bogenoemde strawwe; en

7.2.15 **Enige ander toepaslike straf** soos deur die hoofde-tugkomitee of beheerliggaam-tugkomitee opgelê.

8. STRAFPUNTE EN POSITIEWE PUNTE

8.1 Die skool implimenteer 'n stelsel van strafpunte om korrektiewe dissipline te bevorder. Die volgende geld:

8.1.1 Strafpunte word toegeken vir die verbreking van skoolreëls. Aan elke oortreding in hierdie gedragskode word 'n punt toegeken na aanleiding van die erns daarvan. Ongeag hierdie punt, kan enige oortreding verwys word vir 'n verhoor deur die hoofde-tugkomitee of die beheerliggaam-tugkomitee. Die skool stuur aan die ouers 'n sms ten einde die ouers in te lig van die toekenning van strafpunte.

8.1.2 Die opskort van voorregte, detensie en gemeenskapsdiens word gebruik om 'n leerder se strafpunte af te werk – hierdie staan bekend as positiewe punte. 'n Leerder verdien tien positiewe punte as die leerder detensie bywoon of as 'n voorreg opgeskort word. Die leerder verdien een positiewe punt vir elke uur gemeenskapsdiens.

8.1.3 Strafpunte word soos volg toegeken:

8.1.3.1 Vir 'n klas A oortreding, twee punte;

8.1.3.2 Vir 'n klas B oortreding, vyf tot tien punte; en

8.1.3.3 Vir 'n klas C oortreding, 'n minimum van vyftien punte.

8.1.4 Wanneer strafpunte 'n bepaalde vlak bereik sal die skool of 'n strafmaatreël toepas en/of 'n intervensie doen. Die volgende geld:

Onder vyftien strafpunte : Leerder se dissiplinêre rekord word as skoon beskou.

Twintig Strafpunte : Gemeenskapsdiens en beperking van beweging gedurende pouse.

Vyf en twintig Strafpunte : Graadhoofintervensie: Indien 'n leerder vyf en twintig punte versamel het, moet die leerder voor die graadhoof verskyn, welke met die leerder 'n informele gesprek sal voer ten opsigte van die leerder se gedrag ten einde te

bepaal wat die oorsaak daarvan is en welke remediërende optrede geneem moet word.

Dertig Strafpunte : Detensie en/of opskort van voorregte, asook adjunkhoof intervensie.

Vyftig Strafpunte : Indien 'n leerder vyftig strafpunte versamel in 'n bepaalde skooljaar, word 'n hoofde-tugkomitee verhoor gehou.

Sewentig Strafpunte : Indien die gedrag van 'n leerder na 'n verhoor deur die hoofde-tugkomitee nie verbeter nie en die leerder 'n verdere twintig strafpunte versamel, kan die hoof die leerder verwys vir verhoor deur die beheerliggaam-tugkomitee.

8.1.5 Die leerder dien so gou doenlik die leerder se straf uit soos hierbo uiteengesit, maar indien die leerder weer skuldig is aan dieselfde klas A oortreding, word dit 'n klas B oortreding geag, waarvoor die leerder dubbel die aantal strafpunte as voorheen ontvang. Herhaaldelike oortreding van 'n klas A of klas B oortreding word beskou as ernstige wangedrag en mag lei tot skorsing of uitsetting.

8.1.6 Elke leerder begin 'n nuwe skooljaar met 'n skoon dissiplinêre rekord. Die uitsonderings op hierdie reël is as volg:

8.1.6.1 As die hoofde-tugkomitee of die beheerliggaam-tugkomitee aan die einde van die vorige jaar bevind het dat, op grond van die leerder se gedragsrekord die leerder slegs voorwaardelik toegelaat sal word – in so geval word tien strafpunte oorgedra na die volgende jaar. Die ouer of voog en die leerder onderteken 'n onderneming dat, indien die leerder 'n verdere vyftien strafpunte sou opbou, die leerder na 'n ander skool sal gaan.

8.1.6.2 Die leerder in die eindeksamen van die vorige jaar tien strafpunte vir 'n oortreding ontvang het; of

8.1.6.3 Punte opgeskort is.

8.2 'n Leerder het twee skooldae tyd om by die Adjunkhoof - Dissipline **appèl** aan te teken teen strafpunte. Indien die strafpunte gehandhaaf word, word 'n kort verslag op die strafbrief geskryf en kan die punte nie later weer betwis word nie.

9. VOORKOMENDE SKORSING

- 9.1 Die Beheerliggaam kan, op redelike gronde en as voorsorgmaatreël op aanbeveling van die Adjunkhoof - Dissipline, 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag gepleeg het, skors van bywoning van die skool hangende 'n verhoor deur die beheerliggaam-tugkomitee. Die leerder moet egter 'n redelike geleentheid gebied word om verhoor te word in verband met sodanige skorsing te rig – artikel 9(1) van die Skolewet. Die beheerliggaam-tugverhoor moet binne sewe skooldae vanaf skorsing gehou word – artikel 9(1A) van die Skolewet. As die beheerliggaam-tugverhoor nie binne sewe dae gehou kan word nie moet toestemming by die Hoof van die Department verkry word om die skorsing in plek te hou.
- 9.2 Die hoof mag die Hoof van die Department vra om 'n leerder te skors, wat aangekla is vir 'n kriminele oortreding voortspuitend uit 'n klas C oortreding, hangende die afhandeling van die strafsak – regulasie 4 van die regulasies. Die beheerliggaam-tugverhoor sal egter steeds voortgaan en so vinnig moontlik afgehandel word.

10. OPVOEDER REGTE

- 10.1 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, gedurende enige skoolaktiwiteit.

11. DEURSOEKING

- 11.1 Die hoof of die hoof se gedelegeerde mag enige groep leerders, of die eiendom van 'n groep leerders, ewekansig vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel deursoek, indien:
- 11.1.1 'n regverdige en redelike vermoede vasgestel is dat 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel op 'n skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevind kan word; of
 - 11.1.2 'n regverdige en redelike vermoede vasgestel is dat een of meer leerders op 'n skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels in hulle besit het.
- 11.2 Deursoeking mag slegs gedoen word na inagneming van al die tersaaklike faktore, insluitende:
- 11.2.1 die beste belang van die betrokke leerders of van enige ander leerder by die skool;
 - 11.2.2 die veiligheid en gesondheid van die betrokke leerders of van enige ander leerder by die skool;
 - 11.2.3 redelike bewys van onwettige aktiwiteit; en
 - 11.2.4 alle tersaaklike bewyse wat ontvang is.
- 11.3 Wanneer die hoof of die hoof se gedelegeerde 'n deursoeking doen, moet die hoof dit doen op 'n wyse wat redelik is en wat in verhouding is tot die vermeende onwettige aktiwiteit.

- 11.4 Waar deursoeking 'n visentering van die betrokke leerders behels, kan sodanige deursoeking slegs gedoen word:
- 11.4.1 deur die hoof, as die hoof van dieselfde geslag as die leerder is; of
 - 11.4.2 deur die hoof se gedelegeerde, wat van dieselfde geslag as die leerder moet wees;
 - 11.4.3 in 'n private area, waar 'n ander leerder dit nie kan sien nie;
 - 11.4.4 met een volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder, teenwoordig; en
 - 11.4.5 as dit nie 'n deursoeking van 'n liggaamsholte van die leerder insluit nie.
- 11.5 Enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel waarop daar beslag gelê is, moet:
- 11.5.1 duidelik en korrek gemerk word met volle besonderhede, insluitende:
 - 11.5.1.1 die naam van leerder in wie se besit dit gevind is;
 - 11.5.1.2 die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging;
 - 11.5.1.3 'n voorvalverwysingsnommer;
 - 11.5.1.4 die naam van persoon wat die leerder deursoek het;
 - 11.5.1.5 die naam van die getuie; en
 - 11.5.1.6 enige ander besonderhede wat nodig kan wees om die item en voorval te identifiseer;
 - 11.5.2 in die skool se rekordboek aangeteken word; en
 - 11.5.3 onmiddellik aan die polisie oorhandig word.
- 11.6 As die polisie die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel nie dadelik by die skool kan afhaal nie, moet die hoof of die hoof se gedelegeerde die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel na die naaste polisiestasie neem en oorhandig. Die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel in besit neem, moet 'n amptelike kwitansie daarvoor aan die hoof of die hoof se gedelegeerde oorhandig.
- 11.7 Die hoof of die hoof se gedelegeerde kan ewekansig 'n urien- of ander ingreepsvrye toets toedien aan enige groep leerders wat op regverdige en redelike gronde van die gebruik van onwettige dwelmmiddels verdink word. 'n Leerder kan slegs aan 'n urien- of ander ingreepsvrye toets vir onwettige dwelmmiddels onderwerp word indien:
- 11.7.1 die toets deur 'n persoon van dieselfde geslag gedoen word;
 - 11.7.2 dit in 'n private area gedoen word, waar 'n ander leerder dit nie kan sien nie;
 - 11.7.3 een volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder, teenwoordig is;
 - 11.7.4 die monster duidelik en korrek gemerk word; en
 - 11.7.5 die korrekte toestel gebruik word.
- 11.8 Die hoof of die hoof se gedelegeerde moet indien doenlik, die ouer binne een werkdag inlig dat 'n ewekansige toets of deursoeking en beslaglegging ten opsigte van die ouer se kind gedoen is en die leerder en die leerder se ouer van die uitslag van die toets in kennis stel onmiddellik nadat dit beskikbaar word.
- 11.9 Die skool mag geen strafregtelike verrigtinge instel nie teen 'n leerder ten opsigte van wie 'n deursoeking gedoen is en 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel gevind is, of 'n leerder ten opsigte waarvan 'n toets gedoen is, waarvan die uitslag positief was - artikel 8 A van die Skolewet.

12. LEERDER REGTE

- 12.1 'n Leerder het die reg om volledig in kennis gestel te word van die bewering dat die leerder 'n oortreding begaan het.
- 12.2 Volle geleentheid word aan 'n leerder gebied om die leerder se weergawe van die gebeure te stel.
- 12.3 Elke leerder word geag onskuldig te wees aan die oortreding totdat die leerder skuld beken het of skuldig bevind is na 'n verhoor.

13. DIE ADJUNKHOOF-DISSIPLINE

- 13.1 Die skool stel 'n Adjunkhoof - Dissipline aan.
- 13.2 Die Adjunkhoof - Dissipline ondersoek elke saak wat na die Adjunkhoof - Dissipline verwys word. Indien daar *prima facie* getuienis is van 'n oortreding van die gedragskode, mag die Adjunkhoof - Dissipline die gepaste straf of strawwe toeken en/of, afhangend van die aard van die saak, die saak na die hoofde-tugkomitee of, met die toestemming van die hoof, na die beheerliggaam-tugkomitee verwys.
- 13.3 Die Adjunkhoof - Dissipline tree in oorleg met die graadhoof of -voog van die groep waarbinne die bepaalde leerder val, op as koördineerder in die hele dissiplinêre proses en behartig alle navrae.

14. OPVOEDER-TUG

- 14.1 Waar die beweerde oortreding in die teenwoordigheid van 'n opvoeder plaasvind of by 'n opvoeder aangemeld word, besluit die opvoeder of dit 'n geval is waarin summier strafpunte toegeken moet word en of die beweerde oortreding vir verdere ondersoek verwys moet word.
- 14.2 Besonderhede van die beweerde oortreding word aan die betrokke leerder gestel en die leerder word die kans gegun om mondeling of skriftelik die leerder se weergawe te stel.
- 14.3 Indien die opvoeder van oordeel is dat 'n oortreding so ernstig is dat strafpunte nie summier toegeken kan word nie, verwys die opvoeder die saak vir ondersoek na die Adjunkhoof - Dissipline.

15. HOOFDE-TUG

- 15.1 Hoofde-tug word deur die hoofde-tugkomitee uitgevoer. Die hoofde-tugkomitee word saamgestel uit die hoof en enige een van die adjunkhoofde. Slegs indien die hoof nie beskikbaar is om as voorsitter by die verhoor op te tree nie, tree die adjunkhoof dan as sodanig op.
- 15.2 Die Adjunkhoof - Dissipline verwys 'n leerder vir verhoor deur die hoofde-tugkomitee indien:

- 15.2.1 Die leerder in 'n bepaalde skooljaar vyftig strafpunte versamel het; of
- 15.2.2 Die beweerde oortreding na die mening van die Adjunkhoof - Dissipline van so erns is dat dit hoofde-tug regverdig, maar nie van so erns is dat dit skorsing of aanbeveling tot uitsetting regverdig. Indien die hoofde-tugkomitee na oorweging van die meriete van die oortreding van oordeel is dat dit 'n straf van skorsing of aanbeveling tot uitsetting regverdig, word die verrigtinge gestaak en word die leerder verwys vir verhoor deur die tugkomitee van die beheerliggaam.
- 15.3 Die tugsittings van die hoofde-tugkomitee is daarop gerig om te bepaal welke probleme die bepaalde leerder by die skool ondervind en ten einde daardie probleme aan te spreek. Die verrigtinge voor die hoofde-tugkomitee vind op so 'n informele wyse moontlik plaas ten einde die aard en omvang van die probleem in die leerder se gedrag vas te stel.
- 15.4 'n Leerder mag deur die leerder se ouers bygestaan word tydens tugsittings voor die hoofde-tugkomitee, sou die ouers dit versoek. Die leerder is egter nie geregtig op regsverteenvoording nie.
- 15.5 Die sekretaresse van die hoofde-tugkomitee hou notule van die verrigtinge.
- 15.6 Die hoofde-tugkomitee neem die volgende aspekte in ag voordat 'n gepaste strafmaatreël bepaal word:
- 15.6.1 Die leerder se gedragsrekord, met spesifieke verwysing na die aantal strafpunte reeds aangeteken;
- 15.6.2 Die leerder se bywoningsrekord en die rede/s vir afwesighede;
- 15.6.3 Die leerder se akademiese vordering; en
- 15.6.4 Enige ander relevante aspekte in verband met die leerder se optrede tydens skoolaktiwiteite.
- 15.7 'n Leerder en sy ouers is geregtig om appèl aan te teken teen die bevinding en strafmaatreël/s van die hoofde-tugkomitee:
- 15.7.1 Sodanige appèl word skriftelik aangeteken by die hoof binne twee skooldae nadat daar 'n bevinding gemaak is of op 'n straf besluit is.
- 15.7.2 Die bevinding en straf word opgeskort hangende appèl.
- 15.7.3 'n Appèl teen die bevinding en strafmaatreël/s van die hoofde-tugkomitee word aangehoor deur 'n komitee van drie lede van die beheerliggaam.
- 15.7.4 Die appèlverhoor vind op so 'n informele wyse as moontlik plaas. Die appèlkomitee oorweeg die appèl met verwysing na die rekord van die verrigtinge, tensy daar nuwe getuienis beskikbaar word, wat dan oorweeg sal word. Die appèlkomitee mag die saak van nuuts af aanhoor indien dit van mening is dat dit nodig is vir doeleindes van billikheid.
- 15.7.5 Die appèlkomitee is geregtig om die ondersoek na die voorval wat aanleiding gegee het tot die aanklag te laat heropen indien dit na die oordeel daarvan nodig is en om verdere getuienis wat nodig is vir die regverdige beregting van die aanklag in te win.

- 15.7.6 Die appèlkomitee maak opnuut 'n bevinding ten opsigte van die meriete en is geregtig om 'n alternatiewe straf as dié straf wat aanvanklik opgelê is, op te lê.
- 15.7.7 Die voorsitter van die appèlkomitee hou notule van die verrigtinge op die wyse wat die voorsitter goed vind.
- 15.7.8 Die leerder is nie geregtig op regsverteenvoering nie.
- 15.7.9 Die beslissing van die appèlkomitee is finaal.

16. BEHEERLIGGAAM-TUG

- 16.1 Beheerliggaam-tug word uitgevoer deur die beheerliggaam-tugkomitee. Die beheerliggaam-tugkomitee word permanent aangestel – waar daar nie 'n permanente beheerliggaam-tugkomitee is nie word dit of op 'n *ad hoc* basis aangestel (regulasie 6(1) van die regulasies).
- 16.2 Die beheerliggaam-tugkomitee bestaan uit 'n minimum van drie lede van die beheerliggaam en ten minste een ander persoon wat geskik is om verkies te word as 'n lid van die beheerliggaam (regulasie 6(2) van die regulasies). Die tugkomitee verkies in elke geval 'n voorsitter uit die tugkomitee se geledere – die voorsitter moet 'n lid van die beheerliggaam wees. Die hoof en enige leerder mag nie lede van die tugkomitee wees nie. Geen persoon mag lid wees van die beheerliggaam-tugkomitee as die persoon kennis van die saak dra nie.
- 16.3 Beheerliggaam-tug **moet** ingestel word vir alle oortredings wat kan lei tot skorsing of uitsetting, asook vir die volgende spesifieke oortredings (regulasies 5 en 6, definisie van “serious misconduct” en skedule 1 van die regulasies):
- 16.3.1 Die versuim om te voldoen aan 'n strafmaatreël opgelê ingevolge hierdie gedragskode bv. verpligte detensie.
 - 16.3.2 Die vervalsing van enige dokument of handtekening tot die potensiële of werklike nadeel van die skool of onregmatige bevoordeling van die leerder.
 - 16.3.3 Die verhandeling of bekendmaking van enige toets- of eksamenvraestel sonder dat die toestemming van die hoof vooraf verkry is.
 - 16.3.4 Die omkoping van enige persoon of poging daartoe ten aansien van enige toets of eksamen, om aan 'n leerder of 'n medeleerder 'n onbehoorlike voordeel te laat toekom.
 - 16.3.5 Oneerlikheid tydens 'n toets of eksamen.
 - 16.3.6 Bedrog.
 - 16.3.7 Diefstal of 'n ander oneerlike handeling tot nadeel van 'n ander persoon.
 - 16.3.8 Besit, gebruik van of handel in enige onwettige of bedwelmende middel.
 - 16.3.9 Besit van enige gevaarlike wapen.

- 16.3.10 Aanranding met die opset om ernstig te beseer.
 - 16.3.11 Die aanhou van enige persoon as gyselaar.
 - 16.3.12 Moord.
 - 16.3.13 Verkragting of seksuele teistering.
 - 16.3.14 Kwaadwillige beskadiging van 'n ander se eiendom.
 - 16.3.15 Onderbreking of aansporing tot onderbreking van die behoorlike funksionering van die skool deur onwettige kollektiewe optrede.
 - 16.3.16 Rassediskriminasie in enige vorm.
 - 16.3.17 Skuldigbevinding aan enige strafregtelike oortreding en die vonnis tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; en
 - 16.3.18 Enige wangedrag wat nie spesifiek in hierdie paragraaf vermeld word nie, maar wat wel wangedrag is in gevolg hierdie gedragskode en ten aansien waarvan die leerder in die voorafgaande twaalf maande twee keer skuldig bevind is.
- 16.4 Die volgende prosedurele reëls geld vir 'n beheerliggaam-tugverhoor:
- 16.4.1 Kennis van die dissiplinêre verhoor word nie minder nie as vyf skooldae voor die verhoor aan die leerder en die leerder se ouers deurgegee, welke skriftelik ontvangs van die kennisgewing sal erken.
 - 16.4.2 Die kennisgewing moet die volgende inligting bevat:
 - 16.4.2.1 Voldoende besonderhede rakende die datum, plek en aard van die beweerde oortreding, ten einde die leerder in staat te stel om voor te berei daarop;
 - 16.4.2.2 Die datum, tyd en plek van die verhoor; en
 - 16.4.2.3 Dat die leerder die reg het om hom- of haarself self te verteenwoordig en dat die leerder ook deur die leerder se ouers of 'n praktiserende prokureur of advokaat bygestaan mag word.
 - 16.4.3 Indien die leerder of sy ouers besluit om 'n regsverteenwoordiger aan te stel ten einde die leerder by te staan tydens die verhoor, is die leerder of sy ouers verplig om die Adjunkhoof - Dissipline van hierdie feit in kennis te stel en om die kontakbesonderhede van die regsverteenwoordiger aan die Adjunkhoof - Dissipline bekend te maak, ten minste twee dae voor die verhoor. Die skool is geregtig om 'n kundige persoon aan te stel as aanklaer tydens die verrigtinge indien 'n regsverteenwoordiger vir die leerder verskyn. In alle ander gevalle tree die Adjunkhoof - Dissipline of die Adjunkhoof - Dissipline se gedelegeerde op as aanklaer. Die Adjunkhoof - Dissipline is in alle gevalle geregtig om die advies van 'n onafhanklike kundige persoon in te win ten einde die Adjunkhoof - Dissipline in die posisie te plaas om die dissiplinêre proses vlot te laat verloop.
 - 16.4.4 Die beheerliggaam-tugverhoor se proses verloop soos volg:

- 16.4.4.1 Die voorsitter mag besluit dat die verrigtinge en bevinding van die tugkomitee *in camera* geskied en bly (regulasie 7(17)(a) van die regulasies).
- 16.4.4.2 Die tugkomitee mag slegs voortgaan in die afwesigheid van die leerder se ouers indien daar 'n voldoende rede vir hul afwesigheid op rekord geplaas word. Indien 'n leerder na behoorlike kennisgewing en sonder 'n geldige rede versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon, nadat dit 'n tweede keer saamgeroep is, gaan die verhoor in die leerder se afwesigheid voort.
- 16.4.4.3 Die voorsitter van die tugkomitee moet by die aanvang daarvan by die leerder vasstel of die leerder die dienste van 'n tolk benodig en dieselfde reël geld ten opsigte van enige getuies tydens die verhoor.
- 16.4.4.4 Die aanklaer stel die klagte aan die leerder.
- 16.4.4.5 Die voorsitter van die tugkomitee vra die leerder of die leerder skuld op die klagte erken of ontken - indien die leerder weier om 'n pleit op die klagte aan te dui, word dit geag dat die leerder onskuldig pleit op die klagte.
- 16.4.4.6 Indien die leerder **skuldig pleit** op die klagte:
 - 16.4.4.6.1 Moet die tugkomitee die leerder ondervra oor die klagte ten einde tot bevrediging van die tugkomitee te bepaal of die leerder inderdaad skuldig is op die aanklag.
- 16.4.4.7 Indien die leerder **onskuldig pleit** op die klagte:
 - 16.4.4.7.1 Mag die aanklaer getuies roep wat sal bevestig dat hulle die waarheid praat.
 - 16.4.4.7.2 Wanneer dissiplinêre verrigtinge voor enige beheerliggaam-tugkomitee hangende is en dit vir sodanige beheerliggaam-tugkomitee voorkom dat dit 'n getuie onder die ouderdom van agtien jaar aan onbehoorlike geestelike spanning of lyding sal blootstel indien die getuie tydens die verrigtinge getuienis lewer, kan die beheerliggaam, indien doenlik, 'n bevoegde persoon as tussenganger aanstel ten einde die getuie in staat te stel om sy of haar getuienis deur daardie tussenganger te lewer. 'n Verhoor, kruisverhoor of herverhoor van 'n getuie ten aansien van wie 'n tussenganger aangestel het, moet nie op enige wyse behalwe deur daardie tussenganger plaasvind nie. So 'n tussenganger kan, tensy die beheerliggaam-tugkomitee anders bepaal, die algemene strekking van enige vraag aan die betrokke getuie oordra. Indien 'n beheerliggaam-tugkomitee 'n tussenganger aanstel, kan die beheerliggaam bepaal dat die betrokke getuie sy of haar

getuienis moet lewer op enige plek wat- (a) informeel ingerig is om die getuie op sy of haar gemak te stel; (b) só ingerig is dat enige persoon wie se teenwoordigheid die getuie moontlik kan ontstel, buite sig- en hoorafstand van daardie getuie is; en (c) die beheerliggaam en enige persoon wie se teenwoordigheid by die betrokke verrigtinge nodig is, in staat stel om deur die medium van elektroniese of ander toestelle daardie tussenganger sowel as daardie getuie tydens sy of haar getuienis te hoor. Die voorsitter mag besluit dat enige getuie deur 'n tussenganger getuig – subartikels 8(8) tot 8(9) van die Skolewet, asook regulasie 7(17)(b) van die regulasies.

- 16.4.4.7.3 Die leerder, sy ouers of sy verteenwoordiger mag getuies kruisondervra en die getuienis wat aangebied word deur die aanklaer, ondersoek.
- 16.4.4.7.4 Nadat al die getuienis teen die leerder aangehoor is, kan die leerder, of sy ouers of sy regsverteenwoordiger getuies roep en ander getuienis aanbied ter ontkenning van die aanklag.
- 16.4.4.7.5 Die aanklaer mag enige getuies wat namens die leerder getuig kruisondervra en getuienis ondersoek wat deur die leerder aangebied word.
- 16.4.4.7.6 Enige lid van die tugkomitee mag te enige tyd enige getuie ondervra en getuienis wat aangebied word, ondersoek.
- 16.4.4.7.7 Nadat al die getuienis aangebied is, mag die aanklaer en die leerder en die leerder se ouers of verteenwoordiger die tugkomitee toespreek indien hulle sou verkies om dit te doen.
- 16.4.4.7.8 Die tugkomitee moet dan die verhoor verdaag ten einde te bepaal of die leerder skuldig of onskuldig bevind moet word op die klagte, met die voorbehoud dat die bevinding so gou doenlik en nie later nie as twee skooldae daarna bekend gemaak moet word.
- 16.4.4.7.9 Indien die leerder onskuldig bevind word op die klagte, moet die tugkomitee, indien die leerder dit versoek, die bevinding in die skool publiseer.
- 16.4.4.7.10 Indien die leerder skuldig bevind word op die klagte, kan die Adjunkhoof - Dissipline en die leerder getuienis of argumente aanbied rakende die leerder se persoonlike omstandighede, die leerder se gedragsrekord by die skool, die aard en erns van die oortreding ter sprake, die belange van die skoolgemeenskap en van die

Departement, ter versagting of verswaring van die straf wat die tugkomitee mag oplê.

16.4.4.7.11. Die leerder word persoonlik deur die komitee in kennis gestel van die beslissing en straf en indien die leerder dit verkies, geskied sodanige kennisgewing skriftelik.

16.5 'n Leerder en sy ouers is geregtig om appèl aan te teken teen die bevinding en strafmaatreël/s van die beheerliggaam-tugkomitee:

16.5.1 Sodanige appèl word skriftelik aangeteken by die hoof binne twee skooldae nadat daar 'n bevinding gemaak is of op 'n straf besluit is. Die hoof verwys die appèl na die voorsitter van die beheerliggaam.

16.5.2 Indien die leerder egter skuldig bevind is aan 'n oortreding waarvoor uitsetting aanbeveel is deur die beheerliggaam-tugkomitee, mag die leerder appèl aangeteken intern, of andersins direk na die Lid van die Uitvoerende Komitee verantwoordelik vir onderwys en opleiding in die Noordwes Provinsie (regulasie 9(1) van die regulasies). As 'n leerder intern appèl aangeteken het sluit dit nie die leerder se reg om verder appèl aan te teken na die Lid van die Uitvoerende Komitee verantwoordelik vir onderwys en opleiding in die Noordwes Provinsie.

16.5.3 Die bevinding en straf word opgeskort hangende die appèl.

16.5.4 'n Appèl teen 'n bevinding en strafmaatreël/s van 'n beheerliggaam-tugkomitee word aangehoor deur 'n appèlkomitee wat bestaan uit drie lede van die beheerliggaam. Geeneen van die lede van die appèlkomitee mag betrokke gewees het by die aanvanklike verhoor waaruit die appèl voorspruit nie.

16.5.5 'n Appèl mag van die hand gewys word.

16.5.6 Die appèlverhoor vind op so 'n informele wyse as moontlik plaas. Die appèlkomitee oorweeg die appèl met verwysing na die rekord van die verrigtinge, tensy daar nuwe getuienis beskikbaar word, wat dan oorweeg sal word. Die appèlkomitee mag die saak van nuuts af aanhoor indien dit van mening is dat dit nodig is vir doeleindes van billikheid.

16.5.7 Die appèlkomitee is geregtig om die ondersoek na die voorval wat aanleiding gegee het tot die aanklag te laat heropen indien dit na die oordeel daarvan nodig is en om verdere getuienis, wat nodig is vir die regverdige beregting van die aanklag, in te win.

16.5.8 Die appèlkomitee maak opnuut 'n bevinding ten opsigte van die meriete en is geregtig om 'n alternatiewe straf as dié straf wat aanvanklik opgelê is, op te lê.

16.5.9 Die voorsitter van die appèlkomitee hou notule van die verrigtinge op die wyse wat die voorsitter goed vind.

16.5.10 Die leerder is geregtig op regsverteenvoerdiging.

16.5.11 Die beslissing van die appèlkomitee is finaal, behalwe as die leerder skuldig bevind is aan 'n oortreding waarvoor uitsetting aanbeveel is –

in so geval mag verdere appèl aangeteken word na die Lid van die Uitvoerende Komitee verantwoordelik vir onderwys en opleiding in die Noordwes Provinsie (regulasie 9(1) van die regulasies).

HIERDIE BELEID IS GOEDGEKEUR DEUR

DIE BEHEERLIGGAAM VAN

DIE HOËRSKOOL RUSTENBURG

IN 2021.

1. BOELIE

- 1.1 Leerders mag nie iemand boelie, dreig, afknou, met hulle baklei, intimideer of op enige materiële, fisiese, emosionele wyse te na kom of benadeel nie.
- 1.2 Dieselfde reëls geld, met die nodige aanpassings, vir die sosiale media netwerke en -platforms.

2. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

- 2.1 Die skool se amptelike sportbeleid en kultuurbeleid word beskou as 'n byvoegsel tot hierdie reëls.
- 2.2 Leerders moet met volle inspanning, lojaliteit, selfbeheersing en dissipline aan skoolaktiwiteite deelneem.
- 2.3 Leerders moet stiptelik aanmeld by skoolaktiwiteite.
- 2.4 'n Leerder sal slegs verskoon word van 'n aktiwiteit indien verskoning by die relevante opvoeder gemaak word.
- 2.5 Deelnemers aan aktiwiteite namens die skool moet te alle tye voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van:
 - 2.5.1 die hoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke aktiwiteit;
 - 2.5.2 die skeidsregter of beoordelaar ten opsigte van die betrokke aktiwiteit; en
 - 2.5.3 die spankaptein of leier.
- 2.6 'n Leerder moet op 'n sportiewe wyse met oornamie deelneem aan enige aktiwiteit. Die volgende gedrag word as onsportief geag:
 - 2.6.1 vuil taalgebruik;
 - 2.6.2 beledigende taal; en
 - 2.6.3 vuil- of onbehoorlike spel van enige aard.

3. BYWONING

- 3.1 'n Leerder moet in die oggend betyds opdaag vir opening en mag nie laat kom by klasse nie.
- 3.2 Indien 'n leerder dringend in klastyd iets moet doen moet die leerder eers na die klasopvoeder toe gaan en 'n stuurkaart kry.
- 3.3 'n Toesigklas is nie 'n "af" periode nie en die toesigrooster moet streng gevolg word.

- 3.4 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees en dan slegs met die skriftelike toestemming van die hoof, of sy adjunkhoofde, indien die hoof nie beskikbaar is nie:
- 3.4.1 Enige leerder wat sonder 'n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is word geag as afwesig sonder verlof, wat streng verbode is.
 - 3.4.2 'n Leerder wat van die skool afwesig is moet by die leerder se terugkeer skool toe 'n skriftelike verduideliking van die leerder se ouers voorlê.
 - 3.4.3 Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende skooldae sal slegs gekondoneer word indien 'n sertifikaat deur 'n geldige mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of 'n ander rede deur die hoof goedgekeur.
 - 3.4.4 'n Leerder mag slegs met skriftelike versoek van die leerder se ouer of voogde gedurende skoolure met 'n aanvaarbare rede uitgeteken word. Skriftelike versoek word vroegoggend by die ontvangs ingehandig. Die leerder kom meld betyds aan by die ontvangs, maar slegs aan die einde van 'n periode. Slegs ouers of voogde, of 'n persoon skriftelik deur die ouer gemagtig, mag 'n leerder uitteken.
 - 3.4.5 'n Leerder wat tydens skoolure siek word maak verskoning by die leerder se vakopvoeder en rapporteer by die kantoor. Leerders mag nie hulle ouers bel om hulle te kom haal nie. Die kantoor sal die ouer bel en saam met die ouer op 'n geskikte optrede besluit.

4. EIENDOM

- 4.1 Eiendom sluit *onder andere* in die gronde van die skool, die geboue van die skool, aanhegtings tot geboue, boeke, tasse, toerusting, voorraad, motorvoertuie ensomeer.
- 4.2 Die volgende reëls geld ten opsigte van eiendom:
 - 4.2.1 geen eiendom mag geskend, vernietig, gevandaliseer of beskadig word nie;
 - 4.2.2 geen eiendom van die skool mag verwyder, hanteer of gebruik word sonder die vooraftoestemming van die hoof of 'n adjunkhoof van die skool nie; en
 - 4.2.3 geen eiendom van 'n ander persoon mag verwyder, hanteer of gebruik word sonder die vooraftoestemming van daardie persoon nie.
- 4.3 Dit is verbode om slagspreuke ("graffiti"), plakkers, plakgate en meer op enige oppervlakte by die skool aan te bring, sonder die toestemming van die hoof.
- 4.4 Leerders mag nie nalatig of onverskillig wees met hulle eiendom soos sportsakke, skoolbaadjies, kontant en selfone nie. Baadjies moet aan die binnekant gemerk word.
- 4.5 Geen leerder mag die eiendom van 'n ander persoon of van die skool doelbewus, of as gevolg van onverantwoordelike gedrag, beskadig nie.

5. GESONDHEID EN VEILIGHEID

- 5.1 Leerders het die reg tot 'n veilige omgewing en skool wat opvoeding bevorder.
- 5.2 Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie. Leerders wat as deelnemers, toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit aanwesig is, moet die plek op die terrein wat deur hulle beset word, netjies en skoon agterlaat.
- 5.3 Leerders moet toilette skoon agterlaat.
- 5.4 Enige optrede of versuim van leerders wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak, of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word. Geen leerder mag op 'n wyse optree wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders of persone op die skoolterrein of by enige skoolaktiwiteit veroorsaak nie.
- 5.5 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die hoof, enige opvoeder of lid van die Rustieraad / verteenwoordigende raad van leerders met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.
- 5.6 Leerders mag nie in besit wees van enige vorm van vuurwerke.
- 5.7 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of waterkrane ooplaat nie.
- 5.8 Leerders mag slegs op die aangewese gebiede op die skool- en koshuisterrein beweeg en verkeer.

6. INISIASIEPRAKTYKE

- 6.1 Geen leerder mag enige inisiasiepraktyke teen 'n leerder by die skool of in 'n koshuis bedryf of daaraan deelneem nie.
- 6.2 Elke leerder het die absolute reg om nie aan 'n inisiasiepraktyk deel te neem nie.
- 6.3 By die toepassing van hierdie gedragskode beteken inisiasiepraktyke enige handeling in die proses van inisiasie, toelating tot, of inlywing by, of as 'n voorwaarde vir voortgesette betrokkenheid by die skool, 'n groep, binnemuurse of buitemuurse aktiwiteite, sportspan, of aktiwiteit wat:
 - 6.3.1 die geestelike of fisiese gesondheid of veiligheid van 'n leerder werklik of potensieel in gevaar stel;
 - 6.3.2 die intrinsieke waarde van 'n leerder ondermyn deur die leerder as minderwaardig teenoor ander te behandel;
 - 6.3.3 'n leerder aan vernederende optrede of geweldsdade onderwerp; en
 - 6.3.4 die fundamentele regte en waardes van 'n leerder vermeld in die Grondwet, Skolewet en ander wetgewing verbreek.

7. KENNISGEWINGS

- 7.1 Elke leerder is verplig om alle kennisgewings aan ouers van die skool wat vir daardie doel aan die leerder gegee is, aan die leerder se ouers te oorhandig en om stiptelik die ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, aan die voogopvoeder terug te gee.
- 7.2 Elke leerder is verplig om die leerder se korrekte kontakbesonderhede asook dié van die leerder se ouers tydens inskrywing aan die skool te verskaf en om die skool van enige veranderings in kennis te stel.

8. KLASKAMER

- 8.1 Daar sal te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie. Gedrag word as klasontwrigting beskou indien dit die goeie orde in die klas versteur of onmoontlik maak en sluit in die gooi van voorwerpe, aanhoudende gesels en skertserij, onnodige rondlopery, uitskree van antwoorde, eet en drink in die klas.
- 8.2 Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.
- 8.3 Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.
- 8.4 Leerders beweeg vining van die een klas na die volgende. Indien 'n leerder die badkamer besoek tussen periodes, mag die leerder nie laat by die volgende klas opdaag nie.
- 8.5 'n Leerder moet op die sitplek sit soos deur die opvoeder bepaal.
- 8.6 Indien 'n leerder 'n oortreding van die klasreëls begaan, word dit beskou as klasontwrigting en word die toepaslike strafpunte toegeken.

9. KOSHUIS

- 9.1 Die reëls, reëlings, beleidsdokumente en regulasies van die koshuis word beskou as 'n byvoegsel tot hierdie gedragskode.

10. MOTORVOERTUIG EN MOTORFIETSE

- 10.1 Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets bestuur sonder 'n geldige bestuurderslisensie nie.
- 10.2 Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die eiendom wat deur die skool en/of koshuis geokkupeer word bring nie, tensy die leerder beskik oor die vooraf skriftelike toestemming van die hoof of ander personeellid deur die hoof genomineer en tensy die leerder stiptelik voldoen aan enige voorwaardes waaraan die gemelde toestemming onderhewig mag wees.

- 10.3 Leerders sal te alle tye die nasionale padverkeersreëls, asook die spesifieke verkeersreëls op en om die skoolterrein, nakom.
- 10.4 Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer - op die plekke daarvoor aangewys. Toestemming aan matriekleerders sal gegee word vir sodanige parkering nadat hulle suksesvol daarom aansoek gedoen het by die adjunkhoof.

11. ONBEHOORLIKE FISIESE KONTAK

- 11.1 Geen soenery, drukkery of vattery tussen leerders word toegelaat nie. Hierdie reël geld waarookal leerders geïdentifiseer kan word as leerders van die skool.

12. ROOK, DWELM- EN DRANKGEBRUIK

- 12.1 Leerders mag nie alkohol, dwelms, sigarette, e-sigarette (vape) of ander tabakprodukte gebruik nie of onder die invloed van genoemde middels wees nie.
- 12.2 Leerders mag nie alkohol, dwelms, sigarette, e-sigarette (vape) of ander tabakprodukte, vuurhoutjies of sigaretaanstekers in hul besit hê nie. Leerders mag nie genoemde middels by die skool verkoop, weggee of probeer bekom nie.
- 12.3 Leerders mag nie rook in enige omstandighede waartydens hulle geïdentifiseer kan word as leerders van die skool nie.
- 12.4 Geen leerder mag doelbewus in die teenwoordigheid van persone wat rook of wat drank of dwelmmiddels gebruik, verkeer nie.
- 12.5 Geen leerder mag oortreders van hierdie reëls waarsku of beskerm wanneer persone in 'n gesagsposisie hulle nader of gaan betrap nie.
- 12.6 Die volgende geld ten opsigte van rook:
- 12.6.1 Indien 'n leerder die eerste keer gevang word, moet die ouers en die leerder die Adjunkhoof - Dissipline besoek. 'n Leerder woon nie die akademiese klasse by alvorens die ouers by die Adjunkhoof - Dissipline was nie. Sigarette en e-sigarette (vape) word afgeneem sonder die opsie om weer terug besorg te word.
- 12.6.2 Indien 'n leerder 'n tweede keer gevang word, word die saak na hoofde-tug verwys.
- 12.6.3 Indien 'n leerder 'n derde keer gevang word, word die saak na die beheerliggaam-tugkomitee verwys.

13. RADE

- 13.1 Die Verteenwoordigende Leerlingraad, die Rustieraad en skoolleiers is saam met die personeel van die skool, verantwoordelik vir algemene skooldisipline.
- 13.2 Lede van rade en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.
- 13.3 Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van 'n raad of 'n ander skoolleier gehoorsaam, en moet die rade en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

- 13.3.1 Die lede van die rade dra 'n besondere plig van goeie trou teenoor die skool en sal die hoof en personeel ondersteun in die toepassing van hierdie gedragskode en handhawing van goeie orde soos deur hulle onderneem en belowe is.
- 13.3.2 Lede van die rade is verplig om te alle tye in alle optrede te dien as voorbeeld vir medeleerders.
- 13.4 Die volgende is besondere oortredings vir lede van die rade:
- 13.4.1 Die teenwoordigheid op 'n plek waar 'n oortreding van die gedragskode deur 'n medeleerder gepleeg word, sonder dat die lid die oortreding teengaan; en
- 13.4.2 die versuim om 'n ernstige oortreding van die gedragskode deur 'n medeleerder aan 'n opvoeder te rapporteer.
- 13.5 Indien 'n lid binne die ampstermyn waarvoor die lid verkies is, 'n tweede oortreding van die skoolreëls rakende skooldrag en persoonlike voorkoms begaan, word daardie lid verwys vir verhoor deur die hoofde-tugkomitee en word die lid geskors vir 'n tydperk van drie maande van die raad, tensy die lid die hoofde-tugkomitee kan oortuig dat 'n alternatiewe straf gepas is.
- 13.6 Indien 'n lid van 'n raad tien strafpunte opbou, word die lid verwys na hoofde-tugkomitee. Die lid word vir drie maande geskors uit die raad tensy die lid die hoofde-tugkomitee kan oortuig dat 'n alternatiewe straf gepas is. Indien 'n lid van 'n raad se strafpunte verder sou opbou (bokant vyftien strafpunte) of indien 'n lid 'n klas C oortreding begaan, kan die lid permanent geskors word uit die raad.

14. SEKSUELE TEISTERING

- 14.1 Leerders mag nie iemand seksueel teister nie.

15. SELFONE

- 15.1 Die bring van selfone skool toe word ten sterkste ontmoedig. Wanneer 'n selfoon wel in 'n noodgeval skool toe gebring word, sal die volgende van toepassing wees:
- 15.1 Selfone of elektroniese apparaat mag slegs gebruik word in 'n akademiese les met die toestemming van die betrokke opvoeder en onder die toesig van die betrokke opvoeder.
- 15.2 Indien die leerder die selfoon gebruik sonder die opvoeder se toestemming, sal die selfoon (handstuk en simkaart) afgeneem word en gehou word vir die res van die kwartaal – dit sal in veilige bewaring toegesluit word, waarna die leerder dit kan afhaal teen betaling van 'n R500 boete.'n Dokument sal as bewys aan die leerder uitgereik word.
- 15.3 Selfone moet op stilmodus wees gedurende skoolure. Indien 'n selfoon nie op stilmodus is nie, sal die selfoon afgeneem afgeneem word en gehou word vir die res van die kwartaal – dit sal in veilige bewaring toegesluit word, waarna die leerder dit kan afhaal teen betaling van 'n R500 boete.'n Dokument sal as bewys aan die leerder uitgereik word. Geen korrespondensie of gesprekke sal met leerders of ouers in hierdie verband gevoer word nie.

- 15.4 Geen selfoondiefstal sal deur die skool ondersoek word nie.
- 15.5 Geen leerder mag tydens 'n eksamen of 'n toets 'n selfoon in die leerder se besit hê nie. Dit sal as 'n eksamen-onreëlmatigheid hanteer word en kan ook soms as 'n eksamenoneerlikheid beskou word.
- 15.6 Geen leerder mag enige opname maak of versprei met 'n selfoon van enige voorval tydens skoolure of skoolastiese aktiwiteite nie.
- 15.7 Elektroniese toerusting soos I-Pods, MP3-spelers, PSP of soortgelyke toerusting (byvoorbeeld, music / boom box) mag nie tydens skoolure op die skoolterrein gebring word nie.
- 15.8 Geen vuil, vulgêre, vloek- of skeltaal mag verbaal, per SMS of deur middel van enige elektroniese boodskappe gebruik of gestuur word nie.

16. SKOOLWERK EN HUISWERK

- 16.1 Alle leerders sal 'n huiswerkboek of elektroniese dagboek gebruik volgens die voorskrifte van die hoof of klasopvoeder.
- 16.2 Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.
- 16.3 Leerders is verplig om enige werk wat hulle gemis het, so spoedig moontlik in te haal. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om uit te vind wat die leerder gemis het.
- 16.4 Leerders moet elke dag alle nodige onderrigmateriaal en boeke skool toe bring en dit vir elke periode beskikbaar hê.
- 16.5 Leerders mag nie enige huiswerk of opdragte wat nie deur hulle persoonlik verrig is, inhandig as hul eie nie.

17. SOSIALE MEDIA

- 17.1 Alle leerders sal die riglyne volg soos uiteengesit in die skool se Sosiale Media Beleid.

18. STIPTELIKHEID

- 18.1 Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

19. TOESKOUERS

- 19.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon sal hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.

- 19.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die hoof, enige opvoeder, lid van Verteenwoordigende leerlingraad of die Rustieraad en ander skoolleiers of ouers deur die hoof aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon.
- 19.3 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

20. TOETSE EN EKSAMENS

- 20.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroeë moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die hoof of adjunkhoof akademies oorhandig.
- 20.2 Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.
- 20.3 Leerders wat vir toetse en of eksamens afwesig is weens siekte, moet 'n geldige mediese sertifikaat aan die graadhoof en vakopvoeder oorhandig op die vroeë moontlike geleentheid. Versuim om 'n mediese sertifikaat in te handig sal beskou word as afwesig sonder geldige verskoning en geen punte sal vir sodanige toets of eksamen in berekening gebring word nie. Toetse of eksamens word nie op 'n latere stadium oorgeskryf nie.
- 20.4 Geen leerder mag tydens 'n eksamen of 'n toets 'n selfoon in die leerder se besit hê nie. Dit sal as 'n eksamen-onreëlmatigheid hanteer word en kan ook soms as 'n eksamenoneerlikheid beskou word.
- 20.5 Leerders mag op geen wyse met mekaar kommunikeer tydens die afneem van toetse of eksamens nie.
- 20.6 Leerders mag op geen wyse oneerlik optree tydens die afneem van toetse of eksamens nie, of so optree dat 'n onbehoorlike voordeel die leerder toeval daartydens nie.

21. VOORKOMS

- 21.1 Die algemene indruk moet netjies wees en die haarstyl moet nie onnodige aandag trek nie.
- 21.2 Hare mag nie in die sogenaamde “mushroom-, mullet-, of mohawk-styl” gesny wees nie. Die mat van die hare moet dus die natuurlike kurwe van die kop volg. Die hare langs en agter die kop moet dieselfde lengte gesny wees.
- 21.3 As die hare aan die kant van die kop reguit gekam word, mag dit nie aan die ore raak nie.
- 21.4 Bakkebaard mag nie laer as die onderste punt van die gaatjie in die oorskulp strek nie. Leerders moet skoon geskeer wees. Leerders mag aangesê word om onmiddellik by adjunkhoof-dissipline aan te meld en te skeer.

- 21.5 Indien die kuif vorentoe gekam word, mag dit nie aan die wenkbroue raak nie.
- 21.6 Geen verkleuring van die hare word toegelaat nie. Gel en mousse mag gebruik word om weerbarstige hare te beheer.
- 21.7 Wanneer die bolyf en kop regop gehou word, mag die laagste punt van die hare nie aan die kraag raak nie.
- 21.8 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteite of namens hulle interne spanne, moet geklee wees in die amptelike sportdrag, skooldrag of die voorgeskrewe drag soos bepaal deur die betrokke opvoeder, tydens en na deelname in sodanige aktiwiteit.
- 21.9 Die volgende geld ten opsigte van dogters:
- 21.9.1 Geen armbande;
 - 21.9.2 Een seëlring is toelaatbaar;
 - 21.9.3 Een oorbel in elke oor - ringetjie nie groter as vyf sent deursnee;
 - 21.9.4 Geen "gel" of "akriel" naels;
 - 21.9.5 Slegs deurskynende naellak;
 - 21.9.6 Geen tatoeëermerk mag sigbaar wees nie; en
 - 21.9.7 Geen grimering.
- 21.10 Die volgende geld ten opsigte van seuns:
- 21.10.1 Geen ringe;
 - 21.10.2 Geen hangertjies;
 - 21.10.3 Geen armband; en
 - 21.10.4 Geen tatoeëermerk mag sigbaar wees nie.
- 21.11 Ondersteuners by sportbyeenkomste moet te alle tye in skooldrag wees.
- 21.12 Geen plakkies word gedra saam met sportklere nie.
- 21.13 Enige artikel waarvan die gebruik 'n oortreding van die reëls vir voorkoms tot gevolg het, sal gekonfiskeer word tot aan die einde van die skooljaar.

KATEGORIEË OORTREDINGS

MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS - KLAS A – TWEE STRAFPUNTE

| KLAS A TWEË STRAFPUNTE | PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DISSIPLINE | TIPE OPTREDE |
|---|---|---|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Afskryf van huiswerk. 2. Laatkom. 3. Mors. 4. Versuim om dokumente terug te bring of te laat onderteken. 5. Voorkoms nie volgens voorskrifte nie. 6. Beweeg op skoolterrein in skooltyd sonder stuurkaartjie. 7. In teenwoordigheid van roker of dwelmgebruiker. 8. Handboek en/of skrifte nie beskikbaar. 9. Laatkom by klas sonder geldige rede. 10. Laat vir skool sonder geldige verskoning. 11. Mors en eet in klas/saal. 12. Ongehoorsaamheid en/of nie oplet in klas. 13. Rommelstrooi. 14. Versuim om dokumente terug te bring en/of laat onderteken. 15. Gebruik van verkeerde kleedkamers. 16. Dra van skooluniform sonder baadjie of verkeerde skooluniform. 17. Gooi van waterbalonne. | <p>Die betrokke personeellid of Rustieraadlid identifiseer die oortreding en tree op.</p> | <ol style="list-style-type: none"> 1. Stel oortreding aan leerder en gee leerder geleentheid om leerder se weergawe te stel. 2. Oortreding en straf word op leerderrekord geplaas, saam met leerder se weergawe. 3. Enige toepaslike straf en/of intervensie of kombinasies daarvan, insluitend: <ul style="list-style-type: none"> • Strafpunte; • 'n Mondelinge waarskuwing; • 'n Skriftelike waarskuwing; • Bykomende huiswerk; • Die beperking van die leerder se beweegruimte tydens pouse, maar slegs as die leerder meer as twintig strafpunte het. • Gemeenskapsdiens, maar slegs as die leerder twintig of meer strafpunte het – een week aanmeld vir skoonmaak van klas. 4. Indien die leerder weer skuldig is aan dieselfde klas A oortreding, word dit 'n klas B oortreding geag, waarvoor die leerder dubbel die aantal strafpunte as voorheen ontvang. 5. Na die derde soortgelyke oortreding word die leerder verwys na die graadhoof. <div style="background-color: #e0e0e0; padding: 5px; margin-top: 10px;"> <p>Kumulatiewe strafpunte reëls: Onder vyftien strafpunte: leerder geag 'n skoon dissiplinêre rekord te hê. Twintig strafpunte: beperking van leerder se beweging tydens pouse en/of gemeenskapsdiens. Vyf en twintig strafpunte: Leerder verskyn voor graadhoof. Dertig strafpunte: Leerder verskyn voor Adjunk-Hoof. Ontneming van voorregte en/of detensie. Vyftig strafpunte: Hoofde-tug Sewentig strafpunte – Beheerliggaam-tug. Moontlike skorsing of uitsetting.</p> </div> |

MEER ERNSTIGE OORTREDINGS - KLAS B – VYF TOT TIEN STRAFPUNTE

| KLAS B VYF TOT TIEN STRAFPUNTE | PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DISSIPLINE | TIPE OPTREDE |
|---|---|---|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Gebruik van selfone of oorfone in klastyd. 2. Kru taalgebruik. 3. Wangedrag op busse na en vanaf skool: skoolaktiwiteite, toere en uitstappies. 4. Opsetlike beskadiging van handboeke of skrifte. 5. Beweeg op verbode areas. 6. Ontwrigting van klas tydens skoolure. 7. Ontwrigting van saalopening. 8. In besit wees van van ongewenste literatuur. 9. Afbrekende op-en/of aanmerkings en/of arrogansie teenoor personeel. 10. Onvanpaste fisiese kontak tussen leerders – soen, omhelsing en/of onaanvaarbare aanraking. 11. Insubordinasie of disrespek. 12. Afwesigheid sonder verlof. 13. 'n Verbreking van die skool se Sosiale Media Beleid. 14. Graffiti (skooleiendom) 15. In besit wees van enige form van sigarette en of e-sigarette. 16. In besit wees van van ongewenste literatuur. 17. Opsetlike beskadiging van skool en/of medeleerder se eiendom. 18. Onverantwoordelike gebruik op terrein van voertuig of motorfiets. 19. Bank van klas of saal of voogklas of skoolfunksies. 20. Herhaaldelike oortreding van 'n klas A oortreding. 21. Aftakeling van die waardigheid van enige ander leerder of person. | <p>Oortredings word na die graadhoof of die koördineerder verwys vir verdere optrede.</p> <p>Ernstiger klas B oortredings word na die Adjunkhoof - Dissipline verwys deur die graadhoof.</p> <p>Hoofde-tug waar leerder vyftig strafpunte versamel het of die Adjunkhoof – Dissipline van mening is dat dit gepas sal wees.</p> | <ol style="list-style-type: none"> 1. Verwys na die graadhoof of koördineerder. 2. 'n Gesprek word met ouers of voog gevoer deur graadhoof of koördineerder. 3. Oortreding en straf word op leerderrekord geplaas, saam met leerder se weergawe, 4. Enige toepaslike straf en/of intervensie of kombinasies daarvan, insluitend: <ul style="list-style-type: none"> • Strafpunte; • Openbare verskoning; • Die beperking van die leerder se beweegruimte tydens pouse vir een week as die leerder meer as twintig strafpunte het – of die verbeuring van eksamen bloktyd.. • Gemeenskapsdiens, maar slegs as die leerder twintig of meer strafpunte het – een week aanmeld vir skoonmaak van klas. • Detensie, maar slegs as die leerder dertig of meer strafpunte het. As daar 'n derde detensie is mag die saak na hoofde-tug of beheerliggaam-tug verwyus word. • Ontneming van voorregte, maar slegs as die leerder dertig of meer strafpunte het. • Bywoning van berading of 'n program van behandeling. 5. Hoofde-tug as die leerder vyftig of meer strafpunte het. 6. Afneem van e- sigarette - word nie terug besorg nie. 7. Kommunikasie media word gekonfiskeer tot aan einde van die kwartaal. 8. Weiering van gebruik van voertuig op skoolterrein. <p>Kumulatiewe strafpunte reëls: Onder vyftien strafpunte: leerder geag 'n skoon dissiplinêre rekord te hê. Twintig strafpunte: beperking van leerder se beweging tydens pouse en/of gemeenskapsdiens. Vyf en twintig strafpunte: Leerder verskyn voor graadhoof. Dertig strafpunte: Leerder verskyn voor Adjunk-Hoof. Ontneming van voorregte en/of detensie. Vyftig strafpunte: Hoofde-tug Sewentig strafpunte – Beheerliggaam-tug. Moontlike skorsing of uitsetting.</p> |

ERNSTIGE OORTREDINGS - KLAS C – MINIMUM VYFTIEN STRAFPUNTE

| KLAS C MINIMUM VYFTIEN STRAFPUNTE | PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DISSCIPLINE | TIPE OPTREDE |
|--|--|---|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Rook. (Indien 'n leerder die eerste keer gevang word, moet die ouers en die leerder die Adjunkhoof - Dissipline besoek. 'n Leerder woon nie die akademiese klasse by alvorens die ouers by die Adjunkhoof - Dissipline was nie. Indien 'n leerder 'n tweede keer gevang word, word die saak na hoofde-tug verwys. Indien 'n leerder 'n derde keer gevang word, word die saak na die beheerliggaam-tugkomitee verwys.) 2. <u>Die versuim om te voldoen aan 'n strafmaatreël opgelê ingevolge hierdie gedragkode - byvoorbeeld verpligte detensie.</u> 3. <u>Die vervalsing van enige dokument of handtekening tot die potensiële of werklike nadeel van die skool of onregmatige bevoordeling van die leerder.</u> 4. <u>Die verhandeling of bekendmaking van enige toets- of eksamen vraestel sonder dat die toestemming van die hoof vooraf verkry is.</u> 5. <u>Die omkoperij van enige persoon of poging daartoe ten opsigte van enige toets of eksamen.</u> 6. <u>Oneerlikeheid tydens 'n toets of eksamen.</u> 7. <u>Bedrog.</u> 8. <u>Diefstal of 'n ander oneerlike handeling tot nadeel van 'n ander persoon.</u> 9. <u>Besit, gebruik van of handel in enige onwettige of bedwelmende middel.</u> 10. <u>Besit van enige gevaarlike wapen.</u> 11. <u>Aanranding met die opset om ernstig te beseer.</u> 12. <u>Die aanhou van enige persoon as gyselaar.</u> 13. <u>Moord.</u> 14. <u>Verkragting of seksuele teistering.</u> 15. <u>Kwaadwillige beskadiging van 'n ander se eiendom.</u> 16. <u>Onderbreking of aansporing tot onderbreking van die behoorlike funksionering van die skool deur onwettige kollektiewe optrede.</u> 17. <u>Rassediskriminasie in enige vorm.</u> 18. <u>Skuldigbevinding aan enige strafregtelike oortreding en die vonnis tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; en</u> 19. <u>Enige wangedrag wat nie spesifiek in hierbovermeld word nie, maar wat wel wangedrag is in gevolge hierdie gedragkode en ten aansien waarvan die leerder in die voorafgaande twaalf maande twee keer skuldig bevind is.</u> 20. Optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander | <p>Hoof en Adjunkhoof-Dissipline</p> <p>Hoofde-tug waar leerder vyftig strafpunte versamel het of die Adjunkhoof – Dissipline van mening is dat dit gepas sal wees.</p> <p>Beheerliggaam-tug waar leerder sewentig strafpunte versamel het of waar klas C oortreding begaan is of waar oortreding tot skorsing of uitsetting kan lei.</p> <p>[Die <u>onderstreepte</u> oortredings in eerste kolom is die oortredings gelys in skedule 1 tot die regulasies.]</p> | <ol style="list-style-type: none"> 1. Oortreding en straf word op leerderrekord geplaas, saam met leerder se weergawe. 2. 'n Gesprek word met ouers of voog gevoer. 3. Enige toepaslike straf en/of intervensie, of kombinasies daarvan, insluitend: <ul style="list-style-type: none"> • Strafpunte; • Openbare verskoning; • Die beperking van die leerder se beweegruimte tydens pouse vir een week – of die verbeuring van eksamen bloktyd. • Gemeenskapsdiens, maar slegs as die leerder twintig of meer strafpunte het – een week aanmeld vir skoonmaak van klas. • Detensie, maar slegs as die leerder dertig of meer strafpunte het. As daar 'n derde detensie is mag die saak na hoofde-tug of beheerliggaam-tug verwys word. • Ontneming van voorregte, maar slegs as die leerder dertig of meer strafpunte het. • Bywoning van berading of 'n program van behandeling. • Skorsing of uitsetting – maar slegs die beheerliggaam-tugkomitee mag so straf oplê. • Gereelde toetsing vir dagga of dwelmgebruik. • Skorsing of uitsetting as lid van 'n raad – sien unieke reëls vir lede van rade – Bylae B, item 13. 9. Hoofde-tug as die leerder vyftig of meer strafpunte het of vir 'n tweede keer skuldig is aan rook. 10. Beheerliggaam-tug waar leerder sewentig strafpunte versamel het of waar klas C oortreding begaan is of waar oortreding tot skorsing of uitsetting kan lei of waar 'n leerder 'n derde keer skuldig is aan rook. <div style="background-color: #e0e0e0; padding: 5px; margin-top: 10px;"> <p>Kumulatiewe strafpunte reëls: Onder vyftien strafpunte: leerder geag 'n skoon dissiplinêre rekord te hê. Twintig strafpunte: beperking van leerder se beweging tydens pouse en/of gemeenskapsdiens. Vyf en twintig strafpunte: Leerder verskyn voor graadhoof. Dertig strafpunte: Leerder verskyn voor Adjunk-Hoof. Ontneming van voorregte en/of detensie.</p> </div> |

| | | |
|---|--|---|
| <p>skend.</p> <ol style="list-style-type: none"> 21. Die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens. 22. Bakleiery, aanranding of mishandeling. 23. Onsedelike gedrag of 'n gevloek. 24. Die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit. 25. Enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag. 26. Diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit. 27. Vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skool eiendom, wat die aanbring van graffiti sou insluit. 28. Oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of –leerders. 29. Viktimisasie, afknouery, intimidasie en boeligedrag van ander leerders. 30. Die oortreding van eksamenreëls. 31. Opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom. 32. Swem in die skoolswembad buite die normale kurrikulum en sonder toesig van 'n opvoeder. 33. Aanhitsing tot enige ernstige wangedrag. 34. Afwesigheid van skool sonder toestemming. 35. Immorele gedrag 36. Satanistiese en/of okkultiese bedrywighede | | <p>Vyftig strafpunte: Hoofde-tug Sewentig strafpunte – Beheerliggaam-tug. Moontlike skorsing of uitsetting.</p> |
|---|--|---|